

# Gebed voor die ete

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae (Ps 145:15-16).

Here, almagtige God, U het alles geskape en U onderhou dit nog deur u Goddelike krag. U het die volk Israel in die woestyn gevoed. Ons bid U: Strek u seën uit oor ons, u arme dienaars; en heilig vir ons hierdie gawes wat ons uit u oorfloedige hand ontvang, sodat ons dit matig en heilig volgens u goeie wil gebruik en daardeur erken dat U ons Vader is en die oorsprong van alle goeie dinge. Gee ook dat ons altyd, en bo alles die geestelike brood van u Woord soek. Immers, daarmee word ons siele gevoed tot die ewige lewe, wat U vir ons bewerk het deur die heilige bloed van u liewe Seun, ons Here Jesus Christus. Amen.

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Ons Here Jesus Christus vermaan ons soos volg in Luk 21:34-35:

Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur gefuif en dronkenskap en sorg van die lewe nie. Gee dat dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n skrik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon.